3.2 **DAGBOEKINSKRYWING**

**FOKUS: (OPDRAG)**

Die kandidaat moet in sy/haar dagboek skryf en vertel van die afskeidsfunksie van sy/haar gunstelingjuffrou.

**VEREISTES VIR HIERDIE SKRYFSTUK:**

- Getal woorde: 50–70 woorde.
- Die dagboekinskrywing moet die kandidaat se gedagtes en emosies oor die afskeidsfunksie van sy/haar gunstelingjuffrou, verwoord.
- Daar hoef nie met "Liewe Dagboek" begin te word nie.
- Skryf in die eerste persoon.
- Verwys na "vandag" en skryf in die verlede tyd (die afskeidsfunksie).
- Gebruik adjektiewe, leestekens en hoofletters om oortuigend te skryf.
- Noem familie en vriende op die naam.
- Die kandidaat moet slordige taal, slengwoorde en sms-taal vermy.

**INHOUD:**

- Die inhoud is persoonlik van aard.
- Die kandidaat vertel van die afskeidsfunksie van sy/haar gunstelingjuffrou en skryf hoe hy/sy daaroor voel.

**FORMAAT:**

- Die dag en datum word boaan geskryf.
- Die inhoud kan soos 'n opstel in paragrawe geskryf word.

**STYL:**

- Die taal en styl moet by die dagboekinskrywing pas.
- Die lengte van die skryfstuk moet korrek wees. **[20]**

3.3 **INSTRUKSIES**

**FOKUS: (OPDRAG)**

Die kandidaat moet vir sy/haar jonger boetie verduidelik hoe om springmielies te maak.

**VEREISTES VIR HIERDIE SKRYFSTUK:**

- Getal woorde: 50–70 woorde.
- Nie alle instruksies hoef met 'n werkwoord te begin nie.
- Die instruksies moet in 'n logiese volgorde gegee word.
- Die kandidaat moet slordige taal, slengwoorde en sms-taal vermy.

